



## **EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

# **AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE** **PAPER 3**

### **SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Afrikaans Vraestel 3 2018 was 'n fantastiese vraestel, omdat dit so regverdig en leerervriendelik was. Daar was 'n goeie variasie van onderwerpe wat absoluut vir elke leerder 'n kans sou gee om goed te kan skryf en goeie punte te verdien, sou die leerder oor die nodige woordeskaf beskik. Die vraestel was dus gebalanceerd en op die korrekte standaard vir graad 12 en elkeen het 'n regverdig kans gehad om dit te kon slaag. Die verskillende kognitiewe vlakke wat die vraestel gedek het, het dus voorsiening gemaak vir kandidate met verskillende vermoëns en ervaringsvelde.

**Afdeling A** se onderwerpe het vir 'n wye verskeidenheid keuses en belangstellings gesorg, alhoewel dit duidelik was dat sekere distrikte/skole hulle gunstelinge gehad het. Dit was interessant hoe dat dieselfde onderwerpe deur verskillende groepe leerders gekies word bv. vraag 1.1: Ek sal dit nooit weer doen nie en 1.3: Volg sukses altyd na harde werk en 1.6.3: prentjie oor deurmekaar kop, is deur meeste leerders regoor die Oos-kaap gekies. Leerders kon met gevoel en ervaring skryf oor Sukses lei na harde werk, of stories daaroor skryf of debateer. Die prikkels verleen daartoe dat leerders 'n wye keuse van onderwerpe kan gee.

By **Afdeling B** was 2.4: Dialoog los hande die gewildste keuse gevvolg deur 2.1: Die formele brief. Die huldeblyk het vir 'n bietjie verwarring gesorg, maar leerders het dit wel aangepak. Die verslag is deur 'n skamele groepie kandidate gekies, wat totaal nie verstaan het/geweet het *Hoe om 'n verslag te doen nie*.

In **Afdeling C** was die Dagboekinskrywing: 3.2 die gewildste omdat alle leerders iewers in hulle skoolloopbaan dalk hulle ouers moes skool toe laat kom. Leerders het hier uit ervaring geskryf en mens kon agterkom dat die Dagboekinskrywing behoorlik by die kandidate ingedril is. Die oorgrote meerderheid wat dit gekies het, het hulle goed van hulle taak gekwyt en kon goeie punte verdien. Rigtingaanwysings (3.3) is ook redelik aangepak en kandidate kon makliker punte verdien omdat hulle nie 'n kaart moes lees en interpreteer nie, maar kon hulle eie rigtingaanwysings kies. Dit wil ook voorkom asof hierdie kortstuk baie goed aan leerders bekend is. Die minder gewilde keuse was die uitnodigingskaartjie wat deur sommige kandidate verkeerd verstaan is.



## **SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

(It is expected that a comment will be provided for each question).

### **QUESTION 1**

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

#### **AFDELING A: OPSTEL**

##### **1.1: Ek sal dit nooit weer doen nie**

Heelwat leerders het hierdie onderwerp gekies en kon baie daaroor uit hul lewenservaring skryf. Daar is gevind dat leerders nie juis baie diep kon dink nie en het maar oppervlakkige stories daaroor geskryf. Dalk omdat die leerder nie oor die nodige taalvermoë/ woordeskata beskik nie? Hier en daar is daar wel oulike/intersessante stories wat deur leerders geskryf is. Die leerders het gemiddeld tot baie goed in hierdie vraag gevaa. Baie goeie opstelle is deur sekere skole geskryf en die taalvaardighede van sekere kandidate was baie goed.

##### **1.2 Dink mooi voor jy die stuurstuurkoppie op jou selfoon druk.**

Hierdie vraag is deur die minderheid gekies en leerders wat dit aangepak het, het óf redelik daarin gevaa óf die pot mis gesit. Daar was verwarring in terme van tegnologie – leerders het soms na 'n rekenaar en internet in plaas van 'n selfoon verwys. Hierdie vraag is nie goed deur die leerders beantwoord nie.

##### **1.3 Volg sukses altyd na harde werk?**

Hierdie vraag is ook deur die minderheid leerders gekies, en diegene het verhalende-, beskrywende- of beredenerende opstelle geskryf. Mens kon sien dat die onderwerp binne die leefwêreld van die matriekleerder is, want hulle kon hulself redelik goed hieroor uitdruk.

##### **1.4 Suid-Afrika in 2060**

Heelwat leerders het hierdie onderwerp aangepak en hulle kon redelike bespiegelende opstelle hieroor skryf. Hulle kon bespiegel oor hoe die land se politiek, ekonomie en dienslewering in 2060 sal lyk. Hier kon ons agterkom dat die matriekleerders ook geraak word deur hedendaagse kwessies/ krissise (water, steenkool) in ons land omdat dit hulle sowel as hulle nageslagte negatief sal affekteer. Leerders het ook heelwat vergelyking tussen die huidige Suid-Afrika en Suid-Afrika in 2060 getref. Daar was ook sommige leerders wat hulle nie baie goed in hierdie onderwerp kon uitdruk nie, moontlik omdat dit ver buite hulle verwysingsraamwerk is.

##### **1.5 Ons leef in interessante tye**

Hierdie onderwerp is nie juis deur die leerders aangepak nie, maar diegene wat dit wel gekies het, het gemiddeld daarin gevaa.

###### **1.6.1 Prentjie oor brood**

Hierdie onderwerp is deur 'n groep leerders aangepak wat redelike oulike opstelle kon skryf, selfs feeverhale. Dit wat die leerders op 'n kreatiewe en abstrakte vlak kon dink, wat reg aan hierdie onderwerp kon laat geskied het. Baie oulike en interessante stories het hier uitgekom.

###### **1.6.2 Prentjie van beursie**

Baie min leerders het hierdie onderwerp gekies.

###### **1.6.3 Prentjie van die deurmekaar kop.**

Baie leerders kon hiermee identifiseer, dus het baie dit gekies en kon met gevoel hieroor skryf. Sommige leerders se opstelle het heelwat deurmekaar geklink – dalk 'n tegniek wat die stimulus uitgebring het?

## **AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

### **2.1 FORMELE BRIEF**

Hierdie stelstuk is redelik goed tot gemiddeld beantwoord deur die leerders wat dit gekies het. Die meeste kandidate het hulle goed laat lei deur die instruksies in die vraag en sodanig kon hulle goeie punte verdien. Daar is tog kandidate wat nie noodwendig die kriteria, soos in die vraag vereis, genoem het nie.

### **2.2 HULDEBLYK**

Hierdie vraag is deur 'n paar dapper leerders aangepak, waarvan die meeste 'n huldeblyk vir 'n afgestorwene, in plaas van afgetrede persoon aangebied het. Die memo het voorsiening daarvoor gemaak dat dit ook so aanvaarbaar was, dus kon die leerders daarvoor ook punte kry. Alhoewel daardie toegewing gemaak is, het baie leerders wat dit gekies het, steeds nie so goed daarin gevaa nie. Oor die algemeen was hierdie vraag nie baie populêr nie.

### **2.3 VERSLAG**

Hierdie transaksionele teks was ongewild en die kandidate wat dit gekies het, het dit met 'n vrienkskaplike brief verwarr. Ons kon agterkom dat die leerders onseker was oor die formaat van die verslag en die vraag is; dus nie goed deur die leerders beantwoord nie.

### **2.4 DIALOOG**

Hierdie vraag was die gewildste by Afdeling B. Die leerders het goed op die instruksies in die vraag gefokus en kon dus redelike goeie punte hier verdien. Die formaat van die dialoog is ook goed by die leerders ingeskarp – daar is min wat "aanhalingsstekens" by die dialoog gebruik het. Daar is ook 'n konteks geskets, leerders kon emosies en aksies tussen die hakies aandui. Dus het die leerders hulle hier goed van hulle taak gekwyf en as gevog daarvan het hulle goeie punte verdien.

## **AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

### **3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE**

Hierdie stelstuk is baie min deur leerders gekies en diegene wat dit wel gekies het, het nie te goed daarin gevaa nie. Leerders het soms die fokus op die matrikulante as teikengroep geplaas en nie die oumense nie.

### **3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Die dagboek was die gewildste vraag by Afdeling C, amper 90% van kandidate het die dagboek gekies en redelik goed daarin gevaa.

### **3.3 RIGTINGAANWYSINGS**

Hierdie vraag is ook deur leerders tot 'n mindere mate aangepak. Dit was tot meeste leerders se voordeel dat daar nie'n roetekaart was nie, wat hulle moes lees. Leerders het ook redelike goeie punte hier verdien.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

## **AFDELING A:**

### **1.1: Ek sal dit nooit weer doen nie.**

Afgesien van leerders wat 'n gebrek aan woordeskak het, was daar geen probleme by hierdie vraag nie.

### **1.2 Dink mooi voor jy die stuurkoppie op jou selfoon druk.**

Hier het sommige leerders die woord selfoon misgekyk en dan op die rekenaar of internet gefokus. Dit het hulle punte gekos. Daar is ook baie goeie stelstukke hier opgelewer.

### **1.3 Volg sukses altyd na harde werk?**

Daar was geen probleem by hierdie onderwerp nie.

#### **1.4 Suid-Afrika in 2060**

Hierdie vraag het nie so lekker in die konteks van 'n jong matrikulant gepas nie, dus het sommige nie so goed daaroor geskryf nie, alhoewel ander weer uitstekende opstelle daarop kon skryf. 'n Mens kon sien hoe sommige matrikulante se agtergrond en kennis in hierdie onderwerp na vore kom.

#### **1.5 Ons leef in interessante tye**

Daar was geen probleem by hierdie onderwerp nie, behalwe die leerder se woordeskaf en taalvaardigheid wat hom/haar in die steek gelaat het.

#### **1.6. Prentjies**

Leerders skram oor die algemeen weg van die prentjie prikkels, maar die memo het voorsiening gemaak dat dit wyd gelees en geïnterpreteer kon word, dus was daar geen probleem by die vraag nie.

### **AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

#### **2.1 FORMELE BRIEF**

Die formaat van die brief is problematies – leerders ken nie die formaat nie.

Hulle ruil soms die aanhef en briefopskrif om en vergeet soms van die tweede adres.

Leerders gebruik Engelse terme om hulle vakke aan te dui.

#### **2.2 HULDEBLYK**

Hier was geen probleme nie, aangesien die memo vir altwee tipes "huldeblyke" voorsiening gemaak het.

Daar is tog ook leerders wat nie weet watter informasie als in 'n huldeblyk kom nie, bv. Agtergrond word weggelaat.

#### **2.3 VERSLAG**

Leerders het die verslag met 'n brief verwarr.

Die leerders ken nie die formaat van 'n informele verslag nie - die omgekeerde piramide formaat.

Dit word ook nie onderteken nie.

Die leerders fokus ook nie op die instruksie in die vraestel nie – dat jy inligting moes gee wat jy gehoor het!

#### **2.4 DIALOOG**

Daar was geen probleem by die beantwoording van hierdie vraag nie.

### **AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

#### **3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE**

Die leerders het soms op die matrikulante in plaas van die oumense gefokus, sommige leerders het sommer die ontbyt vir die matrikulante gereël.

Nie alle inligting is altyd gegee nie- sommige se ontbyt het 18:00 begin.

Leerders het soms ook nie kontakbesonderhede (RSVP) gegee nie.

#### **3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Sommige leerders het hier slegs een inskrywing in plaas van twee gegee.

Ander het weer die datum uitgelaat, sommige het erge woordeskaf-en spelprobleme gehad. Daar moet deur onderwysers gelet word dat daar altyd TWEE inskrywings by die dagboek gaan wees en dat leerders moet lees DAGBOEKINSKRYWINGS wat na die meervoud verwys.

#### **3.3 RIGTINGAANWYSINGS**

Hier was geen probleem by die vraag nie.

#### **(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Aktiwiteite moet gedoen word om die leerder se **woordeskaf** te verbreed.

- Leerders moet aangemoedig word om te **lees** (tydskrifte, boeke) en Afrikaanse tv-programme/films te kyk. Dit help die leerder om die taal se klank en struktuur te hoor.
- Leerders moet ook die taal besig om sodoende selfvertroue in die taal op te bou.
- **Tweetalige woordeboeke is** 'n moet in 'n Afrikaans Addisionele Taal klas
- Opstelle moet deeglik beplan word en spesiale aandag moet aan die inleiding en slot bestee word.
- Daar moet paragrawe (asook sinne) van verskillende lengtes wees, dis nie net nodig om drie paragrawe te hê nie. Sommige leerders blyk onder die indruk te wees dat 'n opstel uit slegs drie paragrawe: inleiding, liggaam en slot bestaan.
- Daar moet 'n reël tussen paragrawe oopgelaat word.
- Leerders moenie net frases skryf nie, maar in volsinne.
- Leerders moet ook geleer word om nie baie lang opstelle te skryf nie (hou by die voorgeskrewe lengte). Hoe langer die opstel, hoe meer foute word gemaak.
- **Woordorde** moet ook ingeskarp word.
- Skryftekens en leestekens moet ook aangeleer en korrek gebruik word.
- Onderwysers moet die **formate van die transaksionele tekste** by leerders inskarp
- Ook spesiale aandag moet gegee word aan hoe om die leerder voor te berei vir hierdie vraestel, aangesien dit '**n groot gedeelte** van hulle finale punt weeg. Onderwysers moet leerders onderrig en oorred om uitstekend in vraestel 3 te vaar aangesien dit hulle kans is om die vak te slaag of dit aansienlik kan verbeter.
- Opleiding vir onderwysers oor hoe om die rubriek korrek te gebruik kan ook 'n groot verskil maak.
- Leerders moet ook vertroud raak met die rubriek.
- 'n Afrikaans Eerste Addisionele Taal klaskamer moet volgeplak wees van taalgoggas/taalreëls (woorde wat leerders gewoonlik verkeerd kry) sodat hulle dit gedurig kan sien en nie net hoor nie.
- Werkswinkels moet aangebied word om die taal vir die leerders 'n warme, verwelkomende en vriendelike hartstaal te maak.

(d) **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Baie algemene foute word regdeur die distrikte gemaak en dit sal goed wees as die onderwysers die volgende taalaspekte/konvensies in die klasse kan inskarp.

- Voornaamwoorde – leerders verwarring jy met jou; dat i.p.v.wat
- Voorsetselfoute: verlief met jou, i.p.v. **op** jou
- Betreklike voornaamwoorde: met dit, i.p.v. **daarmee**; op dit, i.p.v. **daarop**; wat/wie
- Verlede tyd reëls
- Voegwoord (Wanneer i.p.v **Toe** – in die historiese teenwoordige tyd)
- Korrekte gebruik van wil en sal; gesin en familie; ding en dink; respekt i.p.v. respek; speletjies i.p.v. speletjies; julle i.p.v.hele
- Baie leestekenfoute bv. komma tussen twee werkwoorde ontbreek.
- Woordordefoute (STOMPI)
- Sinskonstruksie, sommige sinne begin nie met hoofletters nie.

- Direkte vertalings
- Leerders flans soms hulle skryfstukke uit die vraestel – skryf direk uit die vraestel neer.
- Sommige leerders gebruik oorwegend Engels.
- Verboë vorm van die byvoeglike naamwoorde; goed... leerder i.p.v. **goeie** leerder; suksesvol sangeres i.p.v. **suksesvolle** sangeres.
- Engelse invloed: want i.p.v. wil hê, had i.p.v. moeilik, kla i.p.v klaar
- Liewe, lyf i.p.v. lewe; tel i.p.v. vertel, wereld i.p.v. **wêreld**; klien i.p.v.klein; ma i.p.v. **Ma (EIENAAM)**; kaans i.p.v kans.
- Dubbele nie ontbreek by negatiewe vorm.
- Meerste i.p.v. die meeste; teknologie i.p.v.tegnologie.
- Die **handskrif** van sekere kandidate was ook 'n groot knelpunt en dit neem die nasioner dan aansienlik langer om uit te maak wat die leerder probeer sê.
- Leerders het nie altyd die vraag verstaan nie, of net gedeeltelike instruksies uitgevoer. Hulle het dus punte verbeur.
- Leerders moet die Afrikaanse woorde vir hulle vakke ken, bv. Rekeningkunde, Wiskunde, Natuurwetenskappe ens.
- **Idiome** wat ingeforseer word en nie werklik in die konteks pas nie.